

Skriflesing: 1 Samuel 25:12-35

Teks: 1 Samuel 25:32-33

Sing- Ps. 89:1,6; Ps. 19:4 ; Ps. 105:10,13; Ps. 119:5

1 Samuel 25:12-35

- 1Sa 25:12 Daarop het die jongmanne van Dawid omgedraai op hulle pad, hulle het teruggekeer en aangekom en hom berig gebring volgens al hierdie woorde.
- 1Sa 25:13 Toe sê Dawid aan sy manne: Gord julle elkeen sy swaard aan! Hulle gord toe elkeen sy swaard aan—Dawid het ook sy swaard aange Gord—en hulle trek agter Dawid op, omtrent vier honderd man, terwyl twee honderd by die pakgoed bly.
- 1Sa 25:14 Maar aan Abígail, die vrou van Nabal, het een van die jongmanne berig gebring en gesê: Kyk, Dawid het boodskappers uit die woestyn gestuur om ons heer te begroet, maar hy het teen hulle uitgevaar.
- 1Sa 25:15 Tog was die manne vir ons baie goed; ook is ons nie beledig nie, en ons het niks vermis al die dae wat ons saam met hulle rondgetrek het toe ons in die veld was nie.
- 1Sa 25:16 Hulle was ‘n muur om ons, snags sowel as bedags, al die dae wat ons die skape by hulle opgepas het.
- 1Sa 25:17 En nou moet u self ondersoek en kyk wat u moet doen; want die onheil is vas besluit oor ons heer en oor sy hele huis; maar hy self is so ‘n deugniet dat jy nie met hom kan praat nie.
- 1Sa 25:18 Toe het Abígail gou twee honderd brode geneem en twee sakke wyn en vyf toebereide skape en vyf mate gebraaide koring en honderd rosynekoekoekes en twee honderd vyekeke en dit op esels gesit.
- 1Sa 25:19 En sy het aan haar jongmanne gesê: Trek voor my uit; kyk, ek kom dadelik agter julle aan. Maar aan haar man Nabal het sy niks te kenne gegee nie.
- 1Sa 25:20 En terwyl sy op die esel ry en in ‘n kloof van die berg afdaal, kom Dawid en sy manne meteens af haar tegemoet, sodat sy hulle teëgekome het.
- 1Sa 25:21 Dawid het al gedink: Net verniet het ek alles wat aan hierdie man behoort, in die woestyn beskerm, sodat daar nooit iets van sy goed vermis is nie; en hy vergeld my kwaad vir goed.
- 1Sa 25:22 Mag God so aan die vyande van Dawid doen en so daaraan toedoen, as ek van almal wat aan hom behoort, tot môre een laat oorbly wat manlik is.
- 1Sa 25:23 Toe Abígail Dawid sien, het sy gou van die esel afgeklim en voor Dawid op haar aangesig neergeval en na die aarde toe gebuig.
- 1Sa 25:24 En sy het voor sy voete neergeval en gesê: Op my, my heer, rus die skuld, maar laat u dienaar tog voor u ore mag spreek, en luister na die woorde van u dienaar.
- 1Sa 25:25 My heer moet hom tog nie steur aan daardie deugniet van ‘n man, aan Nabal nie; want soos sy naam is, so is hy; sy naam beteken dwaas, en dwaasheid is by hom. Maar wat my betref, u dienaar het my heer se jongmanne wat u gestuur het, nie gesien nie.
- 1Sa 25:26 En nou, my heer, so waar as die HERE leef en u siel leef, dit is die HERE wat u teruggehou het om in bloedskulde te geraak en u met eie hand te help; mag dan nou u vyande en die wat onheil soek teen my heer, soos Nabal word.
- 1Sa 25:27 En laat nou hierdie geskenk wat u dienaar vir my heer gebring het, aan die jongmanne gegee word wat op my heer se voetspore rondtrek.
- 1Sa 25:28 Vergeef tog die oortreding van u dienaar, want die HERE sal sekerlik vir my heer ‘n bestendige huis stig, omdat my heer die oorloë van die HERE voer en in u hele lewe in u geen kwaad gevind is nie.
- 1Sa 25:29 As ‘n mens opstaan om u te agtervolg en u lewe te soek, mag die siel van my heer dan saamgebind wees in die bondeltjie van die lewendes by die HERE u God; maar mag Hy die siel van u vyande uit die holte van die slinger wegslinger.
- 1Sa 25:30 En as die HERE aan my heer sal doen volgens al die goeie wat Hy aan u beloof het, en u aanstel as vors oor Israel,
- 1Sa 25:31 dan sal daar vir u geen struikelblok en vir my heer geen gewetenswroeging wees dat u sonder oorsaak bloed vergiet het en my heer homself hulp verskaf het nie; en as die HERE goed sal doen aan my heer, moet u aan u dienaar dink.

1Sa 25:32 Toe sê Dawid vir Abigail: Geseënd is die HERE, die God van Israel, wat jou vandag my tegemoet gestuur het!

1Sa 25:33 En geseënd jou verstandigheid en geseënd jy self wat my vandag teëgehou het om in bloedskuld te geraak en my met eie hand te help.

1Sa 25:34 Maar so waar as die HERE, die God van Israel, leef wat my verhinder het om aan jou kwaad te doen—as jy my nie gou tegemoetgekom het nie, voorwaar, daar sou van Nabal niemand wat manlik is, tot die môrelik oorgebly het nie!

1Sa 25:35 En Dawid het uit haar hand aangeneem wat sy vir hom gebring het, en vir haar gesê: Gaan op in vrede na jou huis! Kyk, ek het na jou geluister en jou in guns aangeneem.

Skriflesing: 1 Samuel 25:12-35

Teks: **1 Samuel 25:32-33**

Sing- Ps. 89:1,6; Ps. 19:4 ; Ps. 105:10,13; Ps. 119:5

Kan ons vandag 'n vrou soos Abigail werklik genoeg na waarde skat, broeder en suster?

Petrus het al in van sy briewe dit uitgewys dat daar in vroue 'n verborge versiering kan wees.

1 Pet. 3:3-4: *3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, 4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.* Dit wat voor God baie kosbaar is, dit is waarna ons vandag gaan kyk. 'n Onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, dit is waarby die vrou Abigail ons by uitbring.

Wanneer ons vandag oor Abigail lees, dan moet ons sommer heel aan die begin dit besef dit gaan nie daaroor om mense te prys nie. Ons het verlede Sondag by die wysheid van Salomo dit al raakgesien dat die besondere keuse en die waardevolle keuse en die onbaatsugtige keuse wat Salomo voor die Here gemaak het, toe hy enigiets kon begeer wat tot sy voordeel kon wees, rykdom, 'n lang lewe, om militêr sterk te wees, om veilig te lewe, dat hy niks hiervan vooropstel nie, maar het Salomo van die Here gevra – 1 Kon 3:9- *9 Gee dus aan u kneg 'n opmerksame hart om reg te spreek oor u volk...* Ons het besef reg en geregtigheid, vrede en getrouheid, dit is die dinge wat by God baie meer werd is as om sterk te wees, invloedryk te wees. Dit waarmee ons ander mense mee kan beïndruk is in baie gevalle nie dit waarmee God in sy Woord beïndruk staan nie.

Daarom dat ons vandag hierdie vrou wat werklik 'n opmerksame hart ontvang het, dit wat Salomo ook van die Here gevra het, dat ons die Here deur haar mag prys. 'n Opmerksame hart, 'n horende hart, is 'n luisterende hart, is iemand wat hom/haar in hulle harte voor die Here stel en daar in die hart gebeur iets wonderlik. Dit is die opmerksame hart wat Salomo van die Here vra, maar Dawid (Salomo se pa) sien nie net die opmerksame hart in hierdie

vrou Abigail raak nie, hy sien in haar hart raak dit wat haar verstand is. Daarom dat Dawid haar verstand na vore bring- ons teksverse wil dit in besonder uitwys- hart en verstand hoort bymekaar - *geseënd jou verstandigheid en geseënd jy self wat my vandag teëghou het...*

Kom ons die gebeure waarin Dawid die Here oor hierdie vrou prys op drie terreine onderskei- Dawid sien haar *optrede* raak. In die tweede plek- Dawid prys God oor haar *taktvolle* wysheid, dit wat haar verstand haar laat doen het. In die laaste plek sien Dawid die volle werking van God in haar as mens want God se Gees het haar gees ingekom, Dawid prys God oor *haar gees...* wat insluit haar verstandige optrede maar haar besondere geestelike insig wat na vore kom.... *geseënd jy self wat my vandag teëghou het* Eerste dan- Dawid wil die Here oor Abigail prys- want sien ons-

Haar optrede raak:

Dawid begin deur te sê - *Geseënd is die HERE, die God van Israel, wat jou vandag my tegemoet gestuur het!* Dit bring ons by wat het hier gebeur. Abigail was getroud met Nabal, wat sekerlik 'n vreeslike man was om mee getroud te wees. 'n Stommerik, iemand besonder vol van homself, 'n wreedaard, iemand wat lyk geen insig in iemand anders se lewens kan toon nie. Dit was nie 'n voorreg om Nabal te ken nie, nog kleiner was die voorreg om met hom getroud te wees.

1 Samuel 25 begin deur vir ons 'n merkwaardige mens, Samuel se dood te verhaal, so absoluut in teëstelling met Nabal... . Samuel wat groot was in mense se oë want God het hom op baie maniere in Samuel grootgemaak. Hy was vir die Here grootgemaak, dit is waarmee hierdie boek begin. Nou het Samuel gesterwe, Dawid het in Samuel iemand groot verloor. Dawid sou altyd vir Samuel as soort van beskermheer kon sien, daar was baie wat Dawid aan Samuel te danke gehad het. Dit daargelaat. In die sterwenstyd van Samuel is Dawid 'n man wat om oorlewing 'n stryd moet voer. Hy is vêr in die woestyn van Paran, van die mees suidelike dele van die dorre gebied, 'n bietjie wes van die berg Sinai. As ons in vers 2 lees: *daar was 'n man in Maon wat sy boerdery in Karmel gehad het...* dan weet ons Karmel was 'n dorp net noord van Maon, waar Saul ook tevore 'n gedenkteken opgerig het.

Dawid is nog in sy jare waar dit baie swaar gegaan het. Die kleinste van geleenthede wat daar vir hom was om 'n bestaan te voer moes hy aangryp. Hy sou nie roof en steel nie, maar tog het dit baie naby daaraan gekom dat hy in ander se welvaart homself maar ook moet help om weer gehelp te word. Dit is 'n tyd wat Dawid oor groot gebiede rondgeswerf het met

hierdie 600 man of wat saam met hom, waar ons ook weet die manne aan sy kant het stelselmatig meer en meer geword. Soos hulle al meer geword het wat saam met hom die vlaktes en duine, in van die mees afgeleë gebiede moes oorleef, het hulle al wyer begin beweeg om kos in die hande te kry. Moeg gesukkel en hardgebak sou Dawid op die stadium kon wees. Ons vanoggend besef dit was God se leerskool, dat God vir Dawid dinge laat deurgaan om hom vir sy lewens bestemming, ja om hom vir sy roeping voor te berei. Daarvoor gebruik God ook ander mense. Mense word instrumente in God se hande om jou en my na onself, na die lewe om ons, na ander mense rondom ons te kyk.

Nou wat ons aan die begin van 1 Samuel 25 van Nabal lees is dat hy 'n baie ryk man was. Vers 3 praat van 3000 skape, 1000 bokke, in enige verband is dit 'n vermoënde boer wat soveel vee op sy naam het. Sekerlik was Nabal iemand wat sy finansies goed kon bestuur, daarvoor het sekerlik sy vrou hom ook gehelp, hy was iemand wat hard kon werk en wanneer dit skeertyd vir daardie baie skape was dan was dit goed beplan en alles reg uitgewerk. Dit was juis in die proses van die beplanning dat die skape weer geskeer moes word dat Nabal en Dawid se paaie indirek gekruis het. Hier sê die Here kan ons Nabal leer ken as iemand boos en grof, daar is so 'n agtervoegseltjie by- *hy was 'n Kalebiet...* Kaleb was tog 'n goeie man, Josua se enigste kameraad toe Josua en Kaleb die enigstes was wat besluit het ons kan Kanaän intrek, ongeag die vyande en die oormag van mense, toe het net Josua en Kaleb God op sy Woord vertrou dat in hierdie land sal God ons help. Nabal lyk min ooreenkomste te toon met die Kaleb wat voor hom was.

In die Nabal-boerdery en in die Nabal-huis gebeur die dinge tegelyk. In die Nabal- boerdery was dit skeertyd en Dawid weet dit. Toe die skape nog in die woestyn was voor hulle geskeer kon word toe het Dawid se manne baie goed vir Nabal se veewagters gesorg en hulle beskerm. Daarom toe Nabal se klompe skape nou geskeer kon word, het Dawid gedink dit is net reg dat Nabal darem iets goed vir ons ook kan doen as beloning vir hoe goed ons vir sy veewagters was. Toe Nabal se mense kon feesvier na die skape geskeer was, so het hulle gewoonlik hierdie skeertyd feesryk afgesluit, toe stuur Dawid sy manne na Nabal dat hy vir hulle kos moet gee en hulle voorrade moet aanvul. Nabal wat natuurlik heeltemal in die vermoë was om dit te doen. Net hier kom die groot moeilikheid, Nabal weier hierdie versoek botweg hy gee Dawid se manne niks nie en jaag hierdie manne ook weg met die belediging dat hulle 'n klomp wegloop slawe is. 'n Ryk man wat moeilik sy mond gehou kry terwyl hy tog so graag al sy besittinkies wil vashou. Dit was vir Dawid 'n groot belediging en net daar

besluit hy dat Nabal gewreek moet word. Met 400 man, twee-derdes van sy manskappe gaan hy gewapend teen Nabal optrek. Tog het een van Nabal se veewagters intussen vir Abigail van Dawid se besluit en aantog kon vertel want het die veewagter vir haar gesê dat Nabal so 'n deugniet is wat mens nie mee kan praat nie. 'n Feit uit die wagter se mond wat die vrou ook nie as belediging teenoor haar man sien nie, want sy het hom ook maar geken soos sy wagters hom ken. Onredelik, dwaas in al sy weë...

Die vrou besluit toe sy gaan Dawid tot ander insig probeer bring. Iets soortgelyk gebeur van toe Jakob vir Esau tegemoetgegaan het en uit vrees het Jakob eers klomp geskenke vooruit gestuur om só Esau se guns te toets of hy hom sal ontvang of moet hy steeds Esau se haat en wraak te wagte wees. Dawid is besig om gewapend haar man tegemoet te gaan, sy gaan hom egter tegemoet met 'n vreedsame geskenk van wat geëet en gedrink kan word. Dit laat Dawid in sy spore stop, hy word as't ware ontwapen deur wat die vrou doen. Tog gaan dit baie meer om wat sy sê as wat sy bring. Haar optrede in woorde is wat ons opval. In een van die langste opgetekende toesprake van die Ou Testament lees ons haar redevoering dat Dawid tog nie onskuldige bloed moet vergiet deur Nabal en sy dienaars te dood nie. Hoe geweldig die mag van die woord. Sy spreek 'n verlossende woord in waarmee sy haar ook kon vasloop. Maar sy glo in wat sy sê, nog beter sy glo in die saak wat sy hier bedien. Sy erken Nabal se skuld, sy gaan nog verder sy neem hierdie skuld op haar want is sy wel met hom getroud. Broeder en suster, wanneer ons haar in haar optrede meet dan doen ons dit nie los van ons tweede hoofgedagte nie- haar optrede is eintlik bevestig deur haar verstand-
In die tweede plek kyk ons dus na –

Haar taktvolle verstand..

As vrou gee sy dadelik toe dat haar man is dit wat haar wagter se beskuldiging ook is dat hy is maar wat sy naam beteken- 'n dwaas! Maar tog moet Dawid nie ook dwaas wees nie. In wat hy nou wil doen, is hy net so dwaas as wat Nabal dwaas is. In haar optrede laat sy dit duidelik word dat om in die verlede en in die verkeerdheid daarvan vas te steek is nie wys nie. Daaroor kan mens lang verhale skryf en groot haat en wrok koester, maar die verlede moet dien om die hede en die toekoms oop te maak, dit moet nie 'n vassteek by die verlede wees nie. In alle geval dit wat sy erken is wat vir ons ook die belangrikste moet wees, is om die leiding van die Here raak te sien dat sy Dawid betyds kon bereik voor hy tot sy onbesonne optrede kon oorgaan.

Terwyl sy dit erken waar dit vir haar om God se leiding gaan is haar grootste argument, hier lê die krag van die evangelie dat Dawid gaan koning word. Dit erken Abigail, hier tree sy as 't ware koninklik, profeties, priesterlik op, alles in een, want Dawid moet glo dat God sy gesalfde nie in die steek sal laat nie, sy erken koninklik God se heerskappy... Dawid moet aanvaar dat sy koningskap wat sy nou ook profeties bevestig reeds vas besluit is, en tog het sy reeds priesterlik haar hande vooruit na Dawid uitgesteek in die brood en wyn, die voorrade kos en middele wat hom reeds aangebied is. Alles wat hy nou wil doen, is eintlik so dwaas as hy maar net besef en raaksien dit wat God hom reeds geskenk het. Hy moet grootmoedig kan wees en besef dit is nie nodig om altyd self verlosser en regter te wil wees nie. God is op die troon.

Broeder en suster, dit alles laat Dawid op die einde in ons teksverse voor hy nog enigiets vêrder oor Abigail kon prys is die eerste wat hy prys haar verstand. Die feit dat sy in soveel wysheid kon spreek. Wysheid dit is 'n wonderlike gawe van God. Salomo waarby ons reeds was, het dit vóór alles begeer. Dit is sekerlik die grootste wysheid wat daar kan wees deur wysheid in jou lewe te begeer.

Hierin moet ons aan Christus dink, die eer kom Hom alleen toe, as ons in Abigail se verstand Christus na vore sien kom. Sy tree op om bloedskulde af te wend, sy tree op dat sy eerder die bloedskulde op haar sal neem, in die plek van haar man as om hierdie dwaasheid te laat voortduur, Dawid wat hierdie versoeking tot wraak so vinnig en vuriglik wou aangryp, hy wou Nabal eenvoudig doodmaak. Christus het op sy pad voor baie groter versoekinge te staan gekom en Hy het daaraan nie toegegee nie. Hoe het die mense Christus toegesnou- as u die Christus is verlos Uself, kom af van die kruis- Christus het aan niks hiervan toegegee nie.

Dawid was hierin alles behalwe die voorbeeld wat hy moes wees. Op die einde word ons weer voor Christus gebring in die wysheid wat daar in Hom is. Dit is waarlik wat Jesaja geprofeteer het Wie die Christus is, sterke God, ewige Vader, Vredevors, wonderbare Raadsman. Abigail wys van die dinge wat Christus in alles kon wys, ja die wonderlike raad wat sy Dawid gee is die skaduwee van die wonderbare Raadsman wat daar vir ons sou kom.

Dit alles en dit sien Dawid raak, hy wil God daarvoor prys oor hierdie vrou se verstand, ja ingesluit die verstand wat haar so taktvol op sy pad gebring het. Om taktvol te wees is 'n kenmerk van wysheid, wat op baie meer wys as net blote geleerdheid, of om 'n bepaalde

ontwikkelings en beskawingspeil aan te dui. Om taktvol te wees is om hart en verstand te laat saamkom. Dan gaan die taktvolle mens soos Abigail hier was die gawe tot om dinge in die regte verhouding te stel, duidelik kan onderskei. Dit gaan om 'n suiwere aanvoeling van wat die werklike saak is, ja dit word ook genoem om intuïtief te weet hoe om te handel. So 'n handeling dwing respek af want wen jy mense nie vir jou saak nie, maar eintlik vir God se saak. Die ware wysheid spreek altyd taktvol, want roep dit nie onnodige weerstande op nie, dit oorwin groot moeilikhede deur 'n gesindheid van tegemoetkoming en toegeeflikheid, dit gaan om gee en neem... Jakobus het mooi dinge oor die wysheid geskryf... Jak 1:5-7-⁵ *En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word.* ⁶ *Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.* ⁷ *Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie --* ⁸ *so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.* Dit klink of Jakobus in besonder vir Abigail maar dan ook maar vir Nabal in sy golwe en dubbelhartigheid geken het.

Jakobus beskryf dan ook in hfst. 3 die wysheid wat van bó kom-vv 13-18 - ¹³ *Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon.* ¹⁴ *Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie.* ¹⁵ *Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels;* ¹⁶ *want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.* ¹⁷ *Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.* ¹⁸ *En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak.* Hiermee gaan Jakobus in hfst. 4 nog verder... *Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie?* ² *Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie.* ³ *Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.*

Ja, met al hierdie wysheid wat God deur Jakobus na ons bring en waarvan Abigail baie vroeër al die bevestiging was, is ons laaste gedagte vandag- die volle gees van haar. Nie net prys Dawid die wysheid in haar verstand nie, maar in die laaste plek prys hy God-

Vir Abigail se ware gees:

Geseënd jyself wat my vandag teëgehou het... Die wêreld is vol afguns en haat, bedrog en naywer, tog word die kwaad nie deur kwaad oorwin, maar sê die Here die kwaad word deur die goeie oorwin. Ook lees ons in Rom 12:20 in wat die Heilige Gees doen- die Heilige Gees wil dit deur Abigail gedoen het, so ook deur jou en my- *As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.* Hierdie vuur wat die Heilige Gees bring deur jou vyand vir sy eie optrede en dwaasheid skaam te maak, deur op sy hoof, in sy gesig word hy rooi van skaamte, vurige kole slaan uit.

Wanneer ons Abigail in hierdie laaste punt hoor praat dan sien ons haar gees gevul met die werk van die Heilige Gees. Haar gees is die teenpool van die Nabalgees. Nabal wat die Here nie gevrees het nie en het hy vir geen mens ontsag nie. Hy wat Dawid in wat God hom geroep het misken – vra nogal wie is Dawid nou?! Maak asof Dawid eintlik maar niks anders as 'n wegloupslaaf is nie. Abigail weet dat Dawid se saak is God se saak. Anders sou sy nie so vêr gegaan het om Dawid te keer nie, want het sy besef hy dien in sy huidige besluit nie God se saak nie. Sy is waarlik in alles die teenoorgestelde as wat haar man was. Die dubbele dwaasheid, die dwaasheid van die manne...Nabal se dwaasheid, Dawid se dwaasheid hier, watter genade om meer as dubbeld die wysheid wat daar van God kom in haar gees te mag hoor. Sy gee in baie opsigte gestalte ook aan die vrou wat ons in Spreuke 31 van lees. Haar verstand staan voorop, sy is nie maar net 'n mooi gesig nie, alhoewel dit weet ons, dit lees ons ook wel vroeër, dat sy mooi van gestalte ook was. Om uiterlik mooi te wees, dit is ondergeskik aan dit waarmee ons vandag begin het. Dit wat Petrus beskryf as die ware versiering - *die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God....* Ons het waarlik vandag 'n bevestiging ontvang, dit wat ons in Spreuke ook lees- *Wysheid is beter as oorlogswapens* (Spr. 9:18). Dit bewys Abigail. Daarmee saam staan in dieselfde Spreuke - *een sondaar bederf baie goeie dinge...* Dit sien ons by Nabal.

Broeder en suster, mag dit wat Dawid in Abigail gesien het, dit waarmee hy God kon prys dieselfde lof bevat want in haar optrede, in haar taktvolle verstand in haar ware gees kan ons God se Woord weereens in Jakobus vervul sien- die wysheid wat Jakobus alreeds so vol van is- daarmee sluit Jakobus af en hiermee sluit ons hierdie preek af- ¹⁹ *Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer,* ²⁰ *laat hy weet dat die een wat*

'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek.

AMEN